Woensdag 29 April 2020

Bestudeer die onderstaande strokies noukeurig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Doen die vrae op jou eie. Gebruik daarna die memorandum om jou antwoorde te merk. MOENIE KUL NIE!

**Ek laaik Maaik!**







1. Hoe kan jy uit die eerste strokie aflei dat die hond grom?
2. Waarmee is Maaik besig wanneer die ander persoon verbystap?
3. Lyk dit of Maaik belangstel in die verbyganger? Hoekom sê jy so?
4. Dink jy hier was sprake van 'n misverstand?
5. Verduidelik jou antwoord in Vraag 4.
6. Waarom daag daar 'n polisieman by Maaik op in Strokie 2?
7. Watter tyd van die dag is dit wanneer die polisieman opdaag? Hoe weet jy dit?
8. Wat beteken 'katswink' in raampie een van die tweede strokie?
9. Kyk mooi na raampie 2 van strokie 2. Waaruit kan jy aflei dat die polisieman nie net met woorde praat nie?
10. Wat sê Maaik eintlik in raampie 3 van strokie 2?
11. Watter afleiding kan jy omtrend die hond in strokie 2 maak?
12. Na wie verwys die Maaik wat in die strokies verskyn?

MEMORANDUM

1. By die hond in die strokie is die geluid ***Grrr.***

2. Maaik lees koerant wanneer die ander man verbystap.

3. Maaik stel nie belang in die verbyganger nie, want hy kyk nie eers op van sy koerant as die man met hom praat nie.

4. Hier is beslis ‘n misverstand!

5. Die verbyganger aanvaar dat die hond by Maaik sy hond is. Die verbyganger praat van die hond by Maaik, terwyl Maaik van sy eie hond praat.

6. Daar daag ‘n polisieman op om ondersoek in te stel nadat ‘n klag ingedien is dat Maaik die bure se hond geslaan het.

7. Dit is in die aand, want dit is donker.

8. Katswink beteken bewusteloos.

9. Die sterpies in die skets by die polisieman se hand wys dat die hand beweeg. Hy paat dus nie net nie, sy hande praat saam. (Hy beduie met sy hande)

10. Maaik sê dat die hond hom ernstig aangeval het.

11. Die hond was duidelik aggressief.

12. Die strokies verwys na Mike Schutte. Hy was ‘n legendariese bokser uit die 1980’s.

---